

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 23

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

KOS

KOS

KOS

Dis vyf oor een. U stap 'n restaurant binne en bestel 'n groot, geurige bord kos, want u is honger. Oral aan die klein tafeltjies sit mense soos u met heerlike geregte voor hulle. Daar is 'n groot verskeidenheid. U het gebraaide hoender en groente bestel. Teenoor u smul 'n dame aan haar laaste happie kerrie en rys. Met die terugstoot van haar bord trek sy die bakkie met roomys nader.

Die kelners in wit, moet draf-draf hul werk doen om te bedien en om die wagtende hongeriges nie te lank te laat wag nie. Drie-vier borde word in elke hand tussen vaardige vingers vasgeknyp en veilig afgelewer na 'n vinnige kurktrekkerlopie tussen die gekleurde tafeltjies deur.

Die hele restaurant word gevul met heerlike voedselgeure en dit dreun soos die hongeriges eet en gesels en lag...

Só gaan dit elke dag tussen een en twee by hierdie restaurant waar u eet. So gaan dit ook by baie ander kafees, hotelle, losieshuise, huise en koshuise. Só word die liggaam elke dag versorg en kos gegee. Duisende rande word vir die ete en drinke van die mens spandeer. Ja, ons laat die liggaam nie maklik honger ly nie. Ons sloof ons behoorlik af vir kos, maar het u geweet dat die siel van die mens ook kos nodig het — dat die siel ook honger en dors het?

Die digter van Psalm 42 het dit teenoor sy hemelse Vader uitgekerm: "... my siel dors na God..." Jesaja 55 rig weer die uitnodiging: "O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom koop en eet; ja kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk. Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na my en eet die goeie en laat julle siel hom in vettigheid verlustig."

Het u mooi geluister? "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie?" Wil u weet wat dan waarlik brood is? Wil u weet Wie die brood van die siel is? Jesus Christus, wat vir die berouvolle sondaars aan die kruis gesterf het, het aan sy dissipels en ander toehoorders gesê: "Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het."

Geliefde lesers, Jesus Christus is die ware brood; Hy is die brood vir die siel; die brood van die ewige lewe. U het miskien ook al behoefte gehad aan sielevoedsel, sonder dat u dit weet. Daardie onrustigheid wat maar net nie tot bedaring wil kom nie. Aan liggaamsweelde ontbreek dit u glad nie en tog is u nie gelukkig nie... daar skort iets, maar u weet nie wat dit is nie.

Maak 'n toets en kyk of dit nie sielehonger is wat u so onrustig stem nie. Gaan op u knieë en bid God om hulp. Maak u Bybel oop en soek. Gaan vir 'n paar Sondae gereeld kerk toe en probeer om gemeenskap te beoefen met God. Luister aandagtig na die preek en probeer jou lewe daarvolgens inrig.

Ná hierdie paar weke waarin u uself aan 'n toets onderwerp het, sal u wel deeglik deur Gods genade kan bepaal of u wel aan sielshonger gely het. Dan sal u in die toekoms net so nougeset wees in die voeding van die siel as in die voeding van die liggaam. U sal die restaurant van die siel herken in die huisgodsdien, gebed, kerkbesoek, sakramentsgebruik en

Bybellees. Wees verseker — u sal die kos van die siel met sielevreugde nuttig.

--***--

Dis half elf op 'n Sondagmôre; u het reeds u sitplek ingeneem. Die kerkraad kom binne en die predikant klim die trappie op na die preekstoel. Terwyl die leraar met uitgestrekte hande die seën uitspreek, daal daar 'n stil tevredenheid oor u vol gemoed; soos 'n hongerige wat sy *kos* ontvang...

P. A. SMIT.

Ons Skuilkelders

Twyfel jy oor die toekoms van ons land en sy mense?

Wat doen jy daaraan?

Bou jy jousef toe in 'n skuilkelder?

Wat dink u van dié volstruis politiek? Hy is bang om feite in die oë te staar. Watter gebou kan in werklikheid skuiling bied teen vuur— en bomaanvalle? Is hy nie besig om hom en sy gesin te mislei nie?

Tog is daar in my omgewing in die stad honderde mense wat daaglik besig is om op soortgelyke wyse hulself en hulle gesinne te mislei; wat dieselfde volstruispolitiek volg; wat ondoeltreffende skuilkelders oprig. Ek ken u nie — maar mag ek u nogtans vra of u nie een van hulle is nie ?

Laat ek eers verduidelik wat ek bedoel. Ek praat nie van die gevaar van ons landsomstandighede nie. Ek praat van 'n veel groter krisis. Ek het die sielsgesteldheid hier in gedagte. My eintlike vraag is: Is u ook een van die persone wat vir u 'n skuilkelder maak deur 'n eelt rondom u siel te laat vorm sodat God u nie kan bereik nie?

Laat ons meer op die man af gesels. Probeer u die magtige God te ontwyk deur u te gaan verskuil in die kelder van **Twyfel**? U kan u glo nie aan God oorgee nie, omdat u aan Hom twyfel. U sê dat God vir u te vaag — buite u gesigsveld is, omdat u nie in staat is om sy bestaan te bewys of sy persoon te begryp of sy handelwyse volkome te verstaan nie. Is u konsekwent met die handelwyse teenoor God?

Is God dan die enigste wat u nie begryp of verstaan nie? Het u byvoorbeeld 'n radio in u huis? U maak van hom gebruik — maar is u oortuig dat u die produk waarna u luister geheel en al kan verstaan? Klim u nie in 'n vliegtuig voor u volkome op hoogte is met elke geheim van sy groot meganisme nie? Waarom geld u twyfel in God dan? Is die twyfel nie maar net 'n skuilkelder omdat u God nie... wil ontmoet nie.

Ek ken u nie, maar ek stel my voor dat u een van die bedrywiges in die samelewing is. U moet baie verantwoordelikhede dra. As daar van godsdiens gepraat word, kan u met 'n rein gewete sê: daarvoor het ek nie tyd nie.

Waarvoor het u dan tyd? U het tyd vir die koerant en die radio, vir filmvertonings, vir die haarkapper, vir sport, studie, stokperdjies en skemerpartytjies. U het tyd om geld te verdien en uit te gee. Dit lyk vir my of u alles het, of u tyd vir almal het maar dat u net nie vir God tyd het nie. In u lewensbegroting het u God laaste geplaas. U plaas so baie items bókant Hom in u lewe dat Hy geskrap moet word om u lewensbalansstaat te laat balanseer.

Sal u antwoord nie meer waarheidsgetrou wees as u antwoord: Ek wil nie vir God tyd maak nie! Ek het my lewe juis so vol gepak om van Hom vry te kom! Nou wil ek u vra: Sal u nie baie meer gemoedsrus hé as u die balansstaat van u lewe so verander dat u God boaan plaas nie? Probeer 'n slag om voor alles vir God tyd te maak.

Vergun my 'n derde vraag voor ek stilbly: hier in my omgewing is baie vooraanstaande mense — mense wat geweldig baie vir hulle medemens doen. Plek-plek is daar een wat homself te kort doen om 'n ander te help. Mense sê van so 'n persoon dat as hy nie in die hemel sal kom nie, sal niemand daar kom nie. Miskien is u ook een van hierdie skynbaar ideale mense. U reken u kan u saligheid met goeie werke verdien. U is verkeerd, want wat is

die motief van hierdie dade? Is dit nie handhawing t.o.v. God nie?

U goeie dade verseker dat u baas bly en nie voor God hoef te buig nie. U is selfgenoegsaam. So 'n goeie mens kan mos nie verlore gaan nie. U nederigheid plus u goeie werke is u skuilkelder. Hierin sit u heerlik gevlei en mislei uself. Sonder Jesus Christus se soensverdienste kom u nie in die hemel nie,...al is u ook hoe goed.

Vriend, mag ek u 'n wenk gee? Kom uit u kelder, want u kan nie op so 'n wyse God so toorn ontvlug nie. U mislei uself. God is 'n verterende vuur... maar u moenie bang wees nie. As u na God gaan, voor Hom buig en Hom smeek om u genadig te wees ter wille van Jesus Christus se soenverdienste, sal Hy vir u gehawende siel skuiling en versorging bied. Dan is Hy u liefdevolle Vader.

M. VENTER

Op twee stoele sit

U het ongetwyfeld al hierdie uitdrukking gehoor en weet seker ook wat dit beteken. As daar twee onversoerbare groepe is en 'n bepaalde persoon probeer (miskien ter wille van eie eer en posisie) met albei groepe op goeie voet bly en albei se belange bevorder, dan sê ons dat hy op twee stoele sit.

Die praktyk het egter al geleer dat so 'n houding nie lank gehandhaaf kan word nie. Een of ander tyd word so 'n persoon voor 'n besliste keuse gestel en dan moet hy kies: die een of die ander. Dit gebeur ook dikwels dat hy juis vanweë sy op-twee-stoele-sit-houding deur al twee groepe uitgeskop word, sodat hy geen stoel het om op te sit nie.

Hierdie houding kry ons nou ongelukkig ook in die godsdiens: mense wat "godsdiens" wil wees, maar dan tog wil meedoen aan die sondige begeerlikhede van hierdie wêreld. Saterdagavond by die dans en Sondagmôre in die kerk. Nog erger: net aan die kerk behoort om daarin te trou, kinders te doop, soms Nagmaal te gebruik en daaruit begrawe te word, maar verder opgaan in die aanbidding van die wêreld.

Baie reken dat as hulle maar net aan 'n kerk behoort, dan is alles in orde. Of hulle ook doen wat Christus van die lidmate van sy kerk vra, daaraan steur hulle hul nie eintlik veel nie. Hulle beskou hul lidmaatskap aan die kerk min of meer soos 'n paspoort na die hemel. As hulle dié paspoort het, kan hulle enigiets in die wêreld doen — ook dit wat in die koninkryk van die hemel verbode is.

Die een hand aan die kerk, die ander hand aan die wêreld! Die een hand aan Christus, die ander hand aan Satan! Op twee stoele sit! Hierdie houding het tot gevolg dat die godsdiens in sekere bepaalde hokkies ingedruk word. As ek in een van daardie hokkies kom, miskien in die kerk, dan het ek met godsdiens te doen. Daarbuite bepaal ekself met my eie siening van sake en nie die Here nie... my handelswyse.

Jakobus noem hierdie mense dubbelhartige mense en dan sê hy verder van hulle dat hulle onbestendig is in al hulle weë. (Jak. 1:8). Onbestendig – inderdaad! Jy weet nooit wat het jy aan hulle nie. Wil hulle die Here dien of wil hulle nie! Dit is die vraag wat altyd oor hulle lewens geskrywe staan. In werklikheid is hulle mengsels tussen Christendom en heidendom. In hul godsdiens is hulle nie ja-mense nie, ook nie nee-mense nie, maar ja-nee-mense.

Hierdie op-twee-stoele-sit-houding in ons godsdiens word radikaal deur Christus verwerp. Wie daarin volhard, het *geen* deel aan Hom nie, want Hy eis ons geheel en al vir Hom op. Hy vra dat ons Hom moet liefhê met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en al ons kragte. Wie nie vir Hom is nie, is teen Hom. Hy self sê: "Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en ook Mammon dien nie." (Matt. 6 : 24). Die Here is 'n jaloerse God. Daarom eis Hy ons heeltemal vir Hom alleen op. Hy deel sy duurgekoopte bruid met niemand nie.

So 'n halfslagtigheid of tweeslagtigheid in die godsdiens is dodelik gevaarlik. Dit kan maak dat 'n mens met 'n ingebeelde hemel na die hel gaan. Daarom waarsku Christus ook: "Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie." (Luk. 13:24).

Is u miskien iemand wat in u godsdiens op twee stoele wil sit? Wees dan gewaarsku! U speel met vuur, met... 'n vreeslike vuur. Bekeer u dan terwyl daar nog tyd is... voordat dit te laat is. Moet ook nie probeer om dit wat u hier lees, van u af te skud soos water van 'n eend se rug

nie. Sal u gewete dit toelaat? In God se rekords staan in elk geval opgeteken dat u dit gelees het.

Gaan sit liever stil en dink na oor die groot liefde wat God in Christus aan u bewys het. Hy het alles opgeoffer om u te red. Ontroer dit u nie, gryp dit u nie aan nie? So 'n groot liefde! U kan Hom nooit dankbaar genoeg wees nie. U lewe moet so vol wees van Hom dat u niks anders wil doen as wat Hy van u vra nie.

As dit so is, sal u lewe ook vervul word met ware geluk, vreugde en blydschap in die Here. En... in u godsdiens sal u dan nooit op twee stoele sit nie.

P. J. DE BRUYN.

ARBEID

MY ARBEID IS 'N GODDELIKE OPDRAG.

Dit is verbasend om te hoor hoeveel mense in ons samelewing die verkeerde opvatting aanhang, nl. dat arbeid 'n vloek is wat God op die mens gelê het. Voor die oortreding van die mens in die paradys was daar nie so iets dat 'n mens moes werk nie. As die mens nie ongehoorsaam was nie, sou hy nooit hoef te gewerk het nie.

Hierdie standpunt moet ons somaar onmiddellik die nek omdraai. Dit is 'n verkeerde uitleg van die Woord van God. Baie mense lees die Bybel verkeerd. Ander lees dit weer so dat dit hulle eie smaak moet pas.

As 'n mens Genesis 2 vers 2 mooi lees en reg verstaan, sien 'n mens dat God, nadat Hy die mens geskape het, sekere opdragte aan die mens gegee het. Hulle moet o.a. die aarde onderwerp en hulle moet oor al die verskillende soorte diere wat God geskape het, heers. Om die aarde te onderwerp en oor die diere te heers, is beslis arbeid en dit is arbeid wat God die mens opgelê het.

Arbeid is die opdrag en taak van die geskape mens. Dit is die koninklike roeping van die oorspronklike mens. Al het God nooit die eet van 'n sekere boom in die paradys verbied en al het die mens nooit van die vrugte geëet nie, sou hy nogtans sy bestemming deur God opgelê, moes nastrewe.

Die mens is deur God so geskape dat hy take kan verrig. Die mens is so geskape dat hy dinge doen en wil doen. Met sy hande, verstand en gees is die mens werksaam in die wêreld. Hy bou huise, maak gereedskap en tuine, hy maak wapens en produseer voedsel en maak klere, meubels ens...Die mens kan beplan en bereken en navors met sy verstand. Hy kan gedigte skrywe, musiek komponeer en kunswerke maak waarin sy gees die hoofrol speel.

Wat ons nooit mag vergeet nie, is dat dinge nie normaal in die skepping gebly het nie. Die mens was ongehoorsaam en God het die skepping vervloek. Die mens en die ander skepsels is deur die vloek getref. Nou begin die groot probleem van die mens. Die aarde gee min terug; alhoewel die mens baie arbeid gee. God self het aan Adam gesê, dat hy in die sweet van sy aangesig brood sal eet. Die mens wat lewe en werk in die vervloekte wêreld, raak verveeld en moet dikwels geweldig worstel om 'n bestaan te maak. Hy raak vermoeid, ooreis en gefrustreerd in sy arbeid. Ook die verhoudinge tussen mense is getref deur die vloek. Daar is wrywinge en konflikte tussen werkgewer en werknemer en ook onder werkers onderling. Daar is min of geen vreugde in die arbeid nie en met groot inspanning en feitlik daaglikse geswoeg en werskaf kan die noodsaaklike lewensbehoefte vir die self en gesin verdien word.

Baie mense voel dat hulle net arbeidslawe is, en deur siekte en ander omstandighede kan werknemers werkloos raak. Vir talle mense het hulle arbeid slegs 'n noodsaaklike en vermoeiende sleurgang geword. Vir baie is dit alleen 'n drukkende en byna ondraagbare juk. Oneindig is die bekommernisse en legio die beslommernisse. Vir baie werknemers vir wie die lewe so aantreklik voorgekom het en aan soveel ideale geboorte gegee het, het spoedig groot teleurstelling gevolg. Die verwagting is verpletter omdat die lewe en arbeid hard, koud en stoflik geword het. Om nie eers te praat van die vloek en skeltaal wat dikwels verduur moet word nie. Vir so baie het hulle arbeid maar net die onvermydelike verpligting om te kan lewe, geword en nog ietsie meer om die eentonigheid van hulle doellose bestaan af te wissel.

Daar is min mense wat nie werk of hoef te arbeid nie. Dit is die kleinste persentasie wat deur gestremdheid of gunstige geldelike omstandighede nie hoef te werk nie. Die meeste mense moet dus 'n betrekking aanvaar of iets verrig om te verdien. Vir sommige is dit nie so

sielododend nie. Ander is gelukkig in hulle werkkring en ken arbeidsvreugde. Daar is seker miljoene wat geen vreugde en seën meer in hulle arbeid vind nie.

Tog is daar ook lig in die donker nag. Vir die mens wat sy arbeid sien in die regte lig, d.w.s. soos God se Woord dit vir ons leer, gaan lig op en ons arbeid word weer met vreugde gedoen. Wie sy arbeid sien as in God veranker, sal die sleur, eentonigheid en gevoel van doelloosheid vergeet. Ons sal meer kan uithou en verdra as in die verlede. U moet nooit u arbeid losmaak van God nie. Dan word dit 'n ondraaglike lot en onmenslike las.

Arbeid wat in gehoorsaamheid aan God verrig word en om sy eer te verhoog, sal vreugde bring en u medemens sal daarby baat.

Arbeid adel is waar, maar arbeid kan alleen adel, d.w.s. veredel word, indien dit aanvaar word as roeping van God wat verantwoordelikheid en getrouheid vereis — dan dien ons God en ons medemens — dan werk ons met lus om te verdien vir onself, ons dierbares en het iets oor vir die instandhouding van die kerk van Christus en mense in nood. Dan help ons om by te dra dat die vervloekte wêreld iets bemerk van die liefde van Christus wat deur sy bloed versoening tussen God en die afvallige en vervreemde mens bewerk het.

Net soos Christus die gevalle mens vrymaak van die mag en heerskappy van die duiwel, so het Hy ook die arbeider bevry van die dwangjuk van die arbeid en arbeidsvreugde gebring in roepingsvervulling en Godverheerliking.

Die wêreld word dan, ondanks die sonde, tog 'n oord waar mense mekaar kan verdra en arbeid nie net vermoei en verveel nie, maar ook besiel en stimuleer.

E. J. G. NORVAL

Godsdienstige Knoeiery

"Ek behoort aan die kerk, want as ek trou en laat doop en eendag te sterwe kom, dan het ek die kerk nodig. Trou, doop en begrafnis — dis al waarvoor die kerk goed is."

So word daar op 'n skaamtelose manier met die ouderling gepraat, maar hierdie lidmaat is ten minste nog eerlik. Hy sê nog openlik en reguit: "Ek gebruik die kerk wanneer dit my pas; my godsdiens is waarlik ten behoeve van myself — ja my godsdiens is selfdiens! As ek wil laat doop, gaan ek kerk toe; as ek familie het wat wil trou, gaan ek kerk toe; as my kinders lidmate moet word, moet die kerk hulle katkiseer, sodat hulle op hul beurt die voordeel van die godsdiens kan geniet.

Dis eintlik wat hierdie man gesê het, maar hoeveel van ons dink só, al sê ons dit nie? Hoeveel van ons lewe so, sonder dat ons dit openlik erken?

Kom ons kyk na daardie lekker lewe van ons: Ek gaan Sondaie na die viswaters as ek so voel; ek gaan kerk toe as ek so voel; ek gee my bydrae as ek lus het; bly van die kerk af weg as ek wil; ek gaan dans en baljaar en wie sal my keer? Ag ja, so is dit, nie waar nie? Hierdie dinge lê diep in ons hart; hierdie dinge kom uit in ons lewe! Wat is hierdie dinge?

Dis godsdienstige knoeiery! Alle "ekkerigheid" is godsdienstige knoeiery, want ek meet nie meer my dade aan God se Woord nie, maar ek meet dit aan my eie wil en plesier en sin. Ek is in myself goed en het die maatstaf in myself waarmee ek my lewe en alle ander se lewe meet en ek gebruik die godsdiens wanneer dit my pas.

Eintlik dien ek myself. Ek het die leuen van die Satan gehoor: "Julle sal soos God wees", en ek glo dit. Dis die ontsaglike leuen van ons lewens dan! Ons is godsdienstige knoeiers wat meen dat ons God dien (wanneer ons Hom nodig het) maar ons dien onself; ons gee voor om kerkmense te wees (al is dit halfhartig), maar ons is in wese goddelose mense wat 'n ander "god" het, nl. die eie ek. Ons wil die kerk gebruik om ons belange te bevorder; ons wil God die Almagtige degradeer tot ons Agent wat die dinge vir ons moet reghou.

Godsdienstige knoeiery! Dis dikwels die leuen van ons lewe. Kerkgangers wat die kerk gebruik om vir hulle status te gee, wat kerk toe kom omdat dit fatsoenlik is; wat in die amp staan omdat dit "aansien" gee — kerkgangers wat voorgee dat hulle God dien, maar hulself dien!

Die leuen gryp ook dieper in ons lewe. Ons meen om só geluk te vind, lekker te lewe, ons eie heil uit te werk... totdat die harde slae en die skokke van die lewe met 'n wrede greep ons geluk en ons heil soos 'n seepbel laat bars. Dan is my "lekker vriende" nie meer daar nie, want hulle is nooit aan my gebind deur liefde en my diens nie. Dan staan ek voor die gebroke skerwe van my eie krag — die skerwe van my afgod wat ek gedien het. In my swakheid is ek só alleen, want ek het my vriende verloor en ek het, omdat ek myself gedien het, God die Sterke, die Almagtige, verloor.

Dis godsdienstige knoeiery. Dis die leuen van my "lekker lewe" — eensaamheid, smart, uiteindelijke wanhoop as al die stutte onder my uitgeslaan word deur die storms van die lewe. Wie God so wil dien, vind Hom nie. Dit moes die skare al geleer het wat van die brode geëet het wat Jesus gegee het en toe ewe vroom hierdie "ware profeet" 'n broodkoning wou maak. Toe het Hy weggegaan; Hy het hulle ontglim. Só in jou selfsug en selfdiens, vind ons Jesus nie.(Joh. 6 : 11—15).

Kom nou en laat ons godsdienstig waarlik Godsdienstig wees. Ek moet nie meer lewe nie, maar Christus in my. Ek moet die gehoorsame onderdaan wees wat saam met Dawid sê: "U is my Here: vir my is daar geen goed bo U nie." (Ps. 16 : 2). Dan is my godsdienstig waar en my lewe vol.

L. F. SCHULZE

KONTRAS

Wit wolke het stadig aangedrywe.. gedra op 'n windjie wat teer oor grashalms gestryk het... om liggies deur die seun se hare te roer waar hy doodstil in die nesteling van omringende plantegroei die prag van 'n herfsdag syne gemaak het. Elke nou en dan het die loom dreuning van die lusernmasjien en die drywer se roep op die osse hom stil laat glimlag. Dit was die bekende dinge. Hy was bly, met 'n blyheid wat slegs die kommerlose ken, want hy en die aarde waarop sy liggaam gerus het en die wind en die groot wye skepping was een. Die geur van varsgesnyde lusernhooi en soet ryp gras het hom vervul met 'n vreugde wat sy wese vasgevang het in 'n woordelose jubelgebed.

Vir 'n kort oomblik het 'n leeurik bokant die gras gehang en sy lewenslus uitgeborrel oor die luisterende aarde. Die rus van God self was in die oomblik en die besef van sy onafskeidbare verbintenis met die ewigheid, het die siel van 'n kind hulpeloos gelaat voor 'n openbaring wat te groot vir sy begripsvermoë was. Alleen maar die vreugde gebore uit 'n innerlike vrede, het hom saamgesnoer met die dynsige bloutes waar veld en lug ontmoet en deur die goue middag in hom voortsing.

Jare het tussenin gerol... Hierdie dag het traag gekom, soos gister en die dag voor gister. 'n Volgepakte bus wat wiegend aan sy pale sleep. Dieselfde banaliteite wat gister oor jou oopgeknars het... stuitlike gelag, dan die warboel van die middestad en jy is daar, voortgestu op 'n golf van mense. Gisteraand se hoofpyn klop nog in jou slape.

Ag Vader, kan dit dan nooit anders nie? Is ons geskape om dieselfde pas te stap, dieselfde baan te hou, van dag tot dag? Moet al ons môres aankruip met dieselfde gang en sal ons altyd suf oor gister dink omdat ons gisters aan niks knoop nie? Jy staar tussen geboue in wat oor jou hang en in jou vlam die opstand. Die hopelose leegheid van 'n dag strek voor jou uit... jou blik beur deur die rookmis, boontoe, asof jy asem soek.

Ver bokant skyn 'n repie blou, en die klam wind wat om 'n hoek pluk dra die geur van reën. Meteens gryp in jou hart herinneringspyn en jy onthou...

'n Leeurik het bo die gras gehang. In daardie oomblik was God daar en was jou wese een met Hom. Die vrede het toe vir jou oopgeblom omdat die rus wat binne-in jou was, ontspring het uit die majesteit van Hom wat alles saamgevat het in 'n ordelike bestaan en ook jou hart gedring het tot aanbidding.

'n Leeurik het bo die gras gehang. 'n Repie blou en op die wind die geur van reën.

O God, verlange skeur deur my. Ek is ontredder en ek pleit op U Naam. Laat U Gees in my die vrede werk sodat die chaos om my sin kan kry. U is tog ook hier, God, in hierdie dissonansie en êrens lei die stroom heen deur U wil. Laat my wese ook nou bid — al is dit woordeloos, sodat ek kan verstaan.

As ek opkyk, lê die straat oop voor my blik.

In hierdie oomblik is God daar en in my leef die wonder van sy harmonie.

FANIE VAN DER WALT